**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 7**
**TYD: 1½ UUR** **TOTAAL 85**

---

**INSTRUKSIES:**
1. **Laat drie reëls aan die bokant van die antwoordstel oop.**
2. **Trek ’n puntekantlyn aan die regterkant van elke bladsy.**
3. **Trek ’n lyn na elke afdeling.**
4. **Nommer soos op die vraestel.**
5. **Beantwoord die vrae volgens die puntetoekenning**
6. **Werk asseblief netjies.**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LEESBEGRIP** | **[15]** |
| **AFDELING B:** | **TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES** | **[50]** |
| **AFDELING C:** | **LITERATUURSTUDIE** | **[20]** |

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Bestudeer die onderstaande koerantberig en storie en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is, <u>in jou eie woorde</u>:**

**Koerantberig**

**Sylvester nou gejag**



**1. Kaapstad** - Sylvester se dae is getel, want sodra dié rondloperleeu van die Karoo Nasionale Park vasgetrek word, **<u>gaan</u>** **<u>hy</u>** van kant gemaak word. “Hy is ’n gewoontemisdadiger,” het Fay Ludick, woordvoerder van die park, naby Beaufort-Wes gister gesê.

2. “As jy twee keer uit die park ontsnap het, gaan hy dit tien teen een weer doen. Sedert hy weer uit die park ontsnap het, het hy ook reeds ’n koei doodgebyt. Ons kan eenvoudig nie die risiko neem dat hy ’n mens aanval nie.”

3. Die driejarige leeumannetjie het **<u>eergisteroggend</u>** vroeg vir die tweede keer binne ’n jaar die hasepad gekies. Dit het oor die Paasnaweek in die Beaufort-Wes-omgewing gereën, **<u>wat</u>** die grond onder die park se omheining losgemaak het. “Toe vat hy wéér die gaping en glip onder die heining deur,” het mnr. Ludick gesê.

4. Sylvester het minder as ’n jaar gelede op presies dieselfde manier groener weivelde buite die Karoo Nasionale Park gaan soek. Hy het begin **<u>Junie</u>** verlede jaar ook uit die park ontsnap nadat die mannetjies van sy **<u>trop</u>** hom vermoedelik verjaag het. Hy het 24 dae lank op vrye voet tussen Beaufort-

Wes, Leeu-Gamka en Fraserburg rondgeloop voordat hy deur spoorsnyers hoog in die Nuweveldberge vasgetrek is. Die volgende ses maande het hy in ’n boma in die park gebly.



*Die Burger*, 30 Maart 2016

Jan Bezuidenhout het ’n storie oor Sylvester geskryf na al die vele koerant-berigte.

**Die storie van Sylvester**

5. Eendag, nie te lank gelede nie, was daar ’n leeu met die naam Sylvester en hy is die held in **dié** verhaal. Hy het onlangs die verbeelding van talle Suid-Afrikaners aangegryp nadat hy uit die Nasionale Karoo Park weggeloop het. Ja, Sylvester het vies geword vir sy maters in die Park (hulle het hom uitgeskop) en hy het toe op ’n opwindende uitstappie van sowat 300 km oor 25 dae vertrek.

6. Nou ja, as jy ’n leeu is en jy loop weg uit die Karoo Nasionale Park, sal jy seker maar vir padkos moet sorg? Sylvester moes jag maak op van die kuddes mofskape waarvoor die Karoo so bekend is, en ook ’n bees en ’n donkie op die koop toe aangetree as “take-away”. Wat inderdaad gebeur het, voordat die owerhede hom uiteindelik ingeloop en met ’n verdowingspyl geskiet het om hom terug te **neem**. Dié keer word hy eers in **’n** boma aangehou en versorg.




7. Die heerlikheid van Sylvester se uitstappie is dat veediefstal in die Karoo in daardie omstreke glo tot stilstand gekom het. G’n veedief het geweet waar Sylvester volgende kan opduik nie, en het toe maar tydelik seker, die aftog geblaas. En jy sien al in **jou** gedagtes hoe lekker Sylvester ’n veedief die hasepad laat kies.


8. Juis daarin lê ’n enorme geleentheid, en die ridder verskyn op die horison, in die vorm van Willie Clack, voorsitter van die Nasionale Veediefstalvoor-komingsforum.

9. Siende die onbedoelde welslae wat Sylvester in die voorkoming van veediefstal behaal het, het Landbou.com en Willie gesels en is oorweeg om Sylvester se dienste te probeer bekom. Willie wil dalk met die Parkeraad onderhandel om Sylvester, netjies met sy nuwe GPS-kraag toegerus, in dié distrikte in Suid-Afrika beskikbaar stel waar veediefstal boere met die hande in die hare laat.

10. Willie en sy komiteemetdielangnaam kan Sylvester daarheen vervoer en loslaat. Al wat dit sal kos, is dat die betrokke boere in die distrik bereid sal moet wees om dalk ’n skaap of ’n bees of iets af te staan as beloning vir Sylvester se dienste. ’n Leeu moet darem vreet ook, né, as jy veediewe wil skrik maak. Dit kan nogal ’n geskarrel veroorsaak!

11. Laastens, dalk sal Willie-hulle die komitee se naam verander en dit as die Sylvester-komitee herdoop. Wat kan dan lekkerder wees as jy sê: Die Sylvester-komitee, en jy sien hoe boere glimlag as hulle so in hul verbeelding sien hoe Sylvester ’n veedief-kalant laat spaander!

Jan Bezuidenhout
1 Augustus 2015



**VRAE:**

1. Wat beteken die volgende idiomatiese uitdrukkings?

1.1 “van kant gemaak word”
1.2 “die hasepad kies”
1.3 “groener weivelde soek” (3)

2. Mnr. Ludick sê Sylvester is ’n “gewoontemisdadiger”. Wat bedoel hy daarmee? (1)
3. Hoe het Sylvester dit reggekry om te ontsnap? (1)
4. Haal ’n woord aan wat bewys dat Sylvester nie bedoel het om veediefstal te laat afneem nie. (1)
5. Verskaf ’n suiwer Afrikaanse woord vir “take away”. (1)
6. Is Sylvester oud of jonk? Haal ’n sinsnede aan om jou antwoord te staaf. (2)
7. Hoekom het veediefstal verminder terwyl Sylvester op vrye voet was? (1)
8. Waarvoor staan GPS in Afrikaans? (1)
9. Hoe sal die boere vir Sylvester beloon vir sy dienste? (1)
10. Gee ’n sinoniem vir “laat spaander”. (1)

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die daaropvolgende twee vrae:




11. Verskaf ’n suiwer Afrikaanse woord vir “trim”. (1)
12. Hoekom dink die Tannie dat dit haar man is wat langs haar in die bed lê? (1)

[15]

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

**Vraag 1**
Herskryf die sinne en voeg die **nodige leestekens en hoofletters** in. Moenie onnodige leestekens en hoofletters invul nie, want dan kan jy punte verloor:

1.1 Ja Sylvester is deur dr. van Zyl die veearts van Ceres ondersoek toe hy by die boma aangekom het. (4)

**Vraag 2**
Gee ’n **antoniem** vir die vetgedrukte woorde:



2.1 Die leeu is nou ’n **berugte** inwoner van die Karoopark.
2.2 Die spoorsnyers was baie **rigtingvas** en het presies geweet waar om te gaan. (2)

**Vraag 3**
Waarom word die volgende onderstreepte woorde as **afleidings** beskou:

3.1 Sylvester word nou <u>gejag</u>.
3.2 Hy het <u>groener</u> weivelde gaan soek.
3.3 Die leeu was baie <u>ongelukkig</u> in sy kamp. (3)

**Vraag 4**
Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van **trappe van vergelyking**:

4.1 Verskaf die vergrotende trap van boos.
4.2 Verskaf die oortreffende trap van slu.
4.3 Waarom gebruik ons meer en mees by die vergrotende en oor- oortreffende trap van tevrede? (3)

**Vraag 5**
Verskaf die redes waarom ’n komma in die volgende gevalle gebruik word:

5.1 As ek jou kielie, lag jy.
5.2 Andrea, waar is jou taak? (2)



**Vraag 6**
Voeg die korrekte **voorsetsels** in die volgende sinne:

6.1 Gelukkig het die DBV vir Sylvester ______ die bresse getree.
6.2 Al die beeste wat Sylvester gevang het, was ______ die bank vet.
6.3 Daardie onderwyseres verkies koffie ______ tee. (3)

**Vraag 7**
Benoem die volgende **woordsoorte** uit die leesstuk volledig:

7.1 gaan (par. 1)
7.2 hy (par. 1)
7.3 eergisteroggend (par. 3)
7.4 wat (par. 3)
7.5 Junie (par. 4)
7.6 trop (par. 4)
7.7 dié (par. 5)
7.8 te neem (par. 6)
7.9 ’n (par. 6)
7.10 jou (par. 7) (10)



**Vraag 8**
Benoem die volgende sinne as ’n **enkelvoudige sin, saamgestelde sin of veelvoudige sin:**

8.1 Die owerheid wat Sylvester wil uitwis, word nie deur die gemeenskap ondersteun nie.
8.2 Sylvester het gister ’n lammetjie in die groen veld gevang.
8.3 Mense wil graag vir Sylvester baklei en hom red van ’n gewisse dood. (3)



**Vraag 9**
**Ontleed** die volgende sin soos gevra:

**Die spoorsnyers wat baie goed opgelei is, het gisteraand 'n leeu gevang.**

9.1 Wat is die gesegde van die sin?
9.2 Verskaf die bywoordelike bepaling van tyd.
9.3 Benoem die direkte voorwerp.
9.4 Gebruik 'n byvoeglike bysin om die voorwerp uit te brei. (4)

**Vraag 10**
Brei die volgende sin uit deur 'n **bysin en bepaling,** soos tussen hakies aangedui, te gebruik:

10.1 Die leeu het 'n bok gevang. (byvoeglike bepaling by die onderwerp en bywoordelike bysin van plek) (2)

**Vraag 11**
Kies die korrekte **homofoon** en skryf slegs die antwoord neer:

11.1 Ek hou van die nuwe (steil / styl) waarin jou hare gesny is.
11.2 Die mense (ys / eis) dat Sylvester nie doodgemaak word nie. (2)

**Vraag 12**
Benoem die volgende **telwoorde**:

12.1 tweede (par. 1)
12.2 ses (par. 4) (2)

**Vraag 13**
Verskaf die redes waarom 'n **koppelteken** in die volgende gevalle gebruik word:

13.1 Beaufort-Wes
13.2 GPS-kraag
13.3 Willie-hulle
13.4 Op watter ander manier sal jy die woord "komiteeemetdielangnaam" skryf sodat dit makliker kan lees? (4)




**Vraag 14**
Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van die **afkappingsteken**:

14.1 Hoekom word pa's met 'n afkappingsteken gespel, maar nie oupas nie?
14.2 Verskaf die verkleinwoord vir Cecile.
14.3 Verskaf die meervoud vir Roux.
14.4 Skryf "G'n" in paragraaf 7 volledig neer. (4)

**Vraag 15**
Noem twee verskillende plekke waar **die punt** as leesteken in die koerantberig gebruik word. (2)

[50]




**AFDELING C: LITERATUURSTUDIE**
***Reënboogtjomme* – Sophie Muller**

1. Met wie het Ryno innerlike konflik? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (2)
2. Hoekom is Johnie 'n verkeerde reisgenoot? (1)
3. Ryno wou dolgraag 'n lid van die Otters word. Hoe weet ons dit? (1)
4. Hoekom was Thabo tydens die eerste twee aktiwiteite half onwillig om deel te neem en saam te werk? (1)
5. Beskryf Thabo se huislike omstandighede. (2)
6. Nadat die sementblok op Ryna so toon geval het, het Ouma gesê: "Wat jy saai, sal jy maai." Wat het sy daarmee bedoel? (1)
7. Johnie het tydens die konsert leiding geneem. Wat het hy gedoen? (2)
8. Terwyl Johnie en Thabo hul casino-uitstappie beplan, wens Ryno sy Ouma of Pa was by hom. Hoekom? (1)
9. Hoe het Bles vir Ryno aan die einde van die kamp beskryf? (2)
10. Verskaf 'n rede waarom Elna 'n hoofkarakter is. (1)
11. Johnie en sy ma is lief vir wegneemetes. Wat is die leser se persepsie van Johnie se ma se voorkoms? (1)
12. Ryno se spanmaats het hom van raad voorsien ten opsigte van sy pa. Wat was hul raad? (2)
13. Bespreek die titel van die boek, naamlik "Die Reënboogtjomme". (2)
14. "Weet jy, Ouma, jy is 'n champ!" Dit is die slotwoorde van die boek. Hoekom sê Ryno dit vir Ouma? (1)

[20]